# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za


---

2026-05-13

Geagte ouer / voog

**NUUSBRIEF 12**

Weens die swaar reën, vloede en stormsterkte winde wat ons area reeds die afgelope week teister, gaan ons harte uit na alle gesinne en gemeenskapslede wat ernstige skade en verliese gely het. Ons is egter dankbaar en verlig dat geen lewensverlies binne ons skoolgemeenskap aangemeld is nie. Ons dra almal wat geraak is in ons gedagtes en gebede.

**Plettenbergbaai Sportdag:** Die ongunstige weerstoestande het ongelukkig ook daartoe gelei dat die Laerskool Plettenbergbaai Sportdag, wat vir 16 Mei geskeduleer was, tot ’n latere datum uitgestel word. ’n Nuwe datum sal gekommunikeer word sodra dit bevestig is.

**Toetsreeks:** Ons herinner ouers en leerders ook daaraan dat die toetsreeks môre, 14 Mei, begin en tot Dinsdag, 19 Mei, duur. Ons vertrou dat elke leerder goed voorbereid sal wees en wens hulle alle sterkte toe. Alle buitemuurse aktiwiteite sal op Dinsdag 19 Mei hervat word.

**Sportdag v Laerskool Cradock:** Verder sien ons uit daarna om Laerskool Cradock se rugby- en netbalspanne op Saterdag, 23 Mei, by Stulting te verwelkom. Ons nooi alle ouers en leerders hartlik uit om die wedstryde te ondersteun. Die toegangsfooi beloop R10 per persoon, maar ondersteuners wat Stultingdrag dra, sal gratis toegang ontvang.

**Stulting Kunstefees:** Die kultuurfase werk tans onvermoeid om seker te maak dat die Kunstefees wat vanaf 25 Mei tot 28 Mei plaasvind ‘n groot sukses sal wees. 37 Skole het reeds deelnemers ingeskryf in 7 afdelings: fotografie, kuns, voordrag, dans, kore, musiekinstrumente en sang. Toeskouers word uitgenooi om die kunstefees te ondersteun. ‘n Teetuin en snoepie sal in die klubhuis heerlike lekkernye te koop aanbied.

---

☎ (042) 295 1119 | 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

**Gr. 7 Kaaptoer:** Ons gr. 7 leerders het verlede week Vrydag van hul Kaaptoer teruggekeer. Baie dankie aan ons Gr. 7-onderwysers wat 'n onvergeetlike toerprogram saamgestel het. Baie dankie aan al ons ouers wat die fondse hiervoor bewillig het.

**Klas- en individuele foto's:** Elke ouer het 'n digitale skakel met wagwoord vanaf hul klasonderwyser ontvang (https://online.apexlifesa.co.za/). Kliek op die skakel om toegang tot die *APEX Life* webtuiste te verkry om sodoende die foto's te sien, te bestel en te betaal. Die laaste datum om gedrukte foto's te bestel is 5 Junie – daarna sal slegs digitale kopieë beskikbaar wees.

**Rugbyproewe:** Ons is trots om aan te kondig dat Anru Germishuys, Jaydon Abrahams en Yamnkela Nyendwana gekies is om deel te neem aan die finale rondte van die o/13 EPPSRA-proewe wat vanaf 21-23 Mei plaasvind. Wedstryde word gespeel teen Boland, SWD en die Westelike Provinsie.

**Laerskool Stulting en Dirk Ellis Volkswagen BackaBussie-veldtog:**



# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

---

Laerskool Stulting en Dirk Ellis Volkswagen het 'n fondsinsamelingsreis aangepak om die skool se VW Kombi tot sy volle glorie te herstel deur middel van 'n skarefinansieringsveldtog. ***Ons benodig nog R10 000 om ons doelwit van R60 000 te bereik.***

Jy kan 'BackaBussie' doen via die toonaangewende skarefinansieringsplatform in Suid-Afrika, BackaBuddy. Skandeer die QR-kode om R50 of meer te skenk, en jy sal outomaties ingeskryf word vir die maandelikse gelukkige trekking. Alternatiewelik, voer die volgende URL in jou blaaier in: **www.backabuddy.co.za/campaign/backabussie**

Dankie vir u samewerking

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF

